NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

**MUSIEK: VRAESTEL II**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 1½ uur | 50 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2019


## VRAAG 1

1.1 Skryf een oktaaf, stygend en dalend, van die melodiese mineurtoonleer met die gegewe toonsoortteken.




**SIEN SÓ NA: ½ stygend + ½ dalend**

1.2 Voeg die korrekte skuiftekens by om die majeurtoonleer te skep waarvan die gegewe beginnoot die submediant is.



**SIEN SÓ NA: Toonleer = 1: die toonleer is reg of verkeerd.**

1.3 Identifiseer hierdie toonleer.



Naam van toonleer: **C-kruis harmoniese mineur**

**SIEN SÓ NA: Toonleer = 1: die naam van die toonleer is reg of verkeerd. ½ indien "harmonies" uit die antwoord weggelaat is.**


1.4 Skryf die Lidiese modus op E-mol, stygend, met 'n toonsoortteken. Skryf in saamgestelde tweeslagmaat en begin met die gegewe nootwaarde. Skep jou eie ritme en groepeer die note korrek. Die voltooide modus moet presies twee mate lank wees en geen rustekens mag gebruik word nie.




**SIEN SÓ NA: Modus + Toonsoortteken = 1: die modus is reg of verkeerd. Groepering: ½ per maatslag × 4 = 2 punte. Enige groepering sal aanvaar word, solank dit korrek is in saamgestelde tweeslagmaat. Die tweede maat moet slegs 5 agstenote bevat vanweë die anakrusis.**

1.5 Skryf die verlangde intervalle bokant die gegewe note.

1.5.1 Vergrote $4^{de}$



1.5.2 Majeur $6^{de}$



**SIEN SÓ NA: 1 punt per interval × 2**

1.6 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg. **["Picardy" verwerk deur Malcolm Archer uit *After the Last Verse – 200 Hymn Improvisations* – verwerk deur die eksaminator]**




1.6.1 Merk die korrekte antwoord om hierdie sin te voltooi:

Hierdie stuk is gebaseer op die:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| F majeurtoonleer | | Doriese modus | x | D mineurtoonleer | |

1.6.2 WAAR of ONWAAR: Alle saamgestelde intervalle in die stuk is majeur $10^{des}$/ saamgestelde majeur $3^{des}$. Gee een rede vir jou antwoord.

**ONWAAR. Die saamgestelde intervalle in die bassleutel van die eerste 4 mate is majeur $10^{des}$/saamgestelde majeur $3^{des}$. In maat 5 is daar egter 'n majeur $9^{de}$/saamgestelde majeur $2^{de}$ in die diskantsleutel en in die bassleutel is daar in maat 7 'n mineur $10^{de}$/saamgestelde mineur $3^{de}$ gevolg deur 'n rein $12^{de}$/saamgestelde rein $5^{de}$ en dan 'n rein $11^{de}$/ saamgestelde rein $4^{de}$.**


**[Dit is slegs nodig dat die kandidate een van die ander saamgestelde intervalle noem.]**

IEB Copyright © 2019 

1.6.3 Identifiseer 'n voorbeeld van 'n pedaalpunt/pedaalnoot. Gee maat- en maatslagnommer.

**Maat $5^{3}$ – $6^{2}$ / Maat 7 - 8 Maat $6^{1}$ – $6^{2}$ – basnoot. Nie een van die ander gedrae note is pedaalpunte nie, want hulle vorm deel van die akkoord hierbo.**

1.7 Harmoniseer die gegewe note in vier dele (SATB of vir klawerbord) om 'n geskikte kadens te vorm wat die gebruik van akkoord $V^7$ demonstreer, korrek opgelos. Maak ook gebruik van 'n akkoord in tweede omkering. Onthou om die toonsoort te noem en die akkoorde te besyfer.




**SIEN SÓ NA: Akkoorde: 1 punt vir ic: korrek gespel en verdubbel; 1 punt vir V7: korrek gespel, met inbegrip van verhoogde leinoot; 1 punt vir korrekte oplossing van V7. –½ vir geen toonsoort nie en –½ vir geen besyfering nie. –½ vir verkeerde verdubbeling.**

**VRAAG 2**

Kies EEN van die melodieë (a), (b) of (c) hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

(a)



(b)



(c)



2.1 **Skryf die letter van jou keuse neer** en IDENTIFISEER die werk en die komponis van jou gekose voorbeeld, bv. (d) *West Side Story* – Leonard Bernstein.

(a) ***Koko* – Charlie Parker OF**

(b) ***Take 5* – Dave Brubeck/Paul Desmond OF**

(c) ***C-Jam Blues* – Duke Ellington**

2.2 Noem die styl van jou gekose werk en noem een invloed op die ontwikkeling daarvan.

(a) ***KOKO* – Bebop: reaksie op verwerkte grootorkesjazz – keer terug na improvisasie as die fokus van jazz; nie vir dans nie – is gespeel in klubs soos *Mintons* in Harlem, New York. Musiek om na te luister.**

(b) ***TAKE 5* – Cool Jazz: direkte afstammeling van bebop – het in Los Angeles ontwikkel (West Coast jazz) – joernaliste het die term "cool" gebruik vanweë die onderbeklemtoonde en gedempte gevoel daarvan. Reaksie op die "warm" styl van bebop. Miles Davis / Geboorte van Cool, Klassieke invloede.**

(c) ***C-JAM BLUES* – Grootorkesswing: herroeping van drankverbod – groei van opnamebedryf; einde van die Groot Depressie – danssale was gewild en dansorkeste het groter geword sodat die klank die sale gevul het aangesien daar geen versterking was nie.**
**1 punt vir identifikasie van styl**
**1 punt vir invloed**

IEB Copyright © 2019 

2.3 Motiveer met verwysing na die melodie en ritme of tydmaat (nie die tempo nie) waarom die stuk 'n goeie voorbeeld van die styl is of nie.

(a) ***KOKO* – Bebop: Melodie is hoekig, motiwies, chromaties en word gekenmerk deur die tweenoot-"bebop"-motief. Die ritme is kompleks en gevarieerd, gebruik agstenote en sestiendenote as die basiese eenheid. Al bogenoemde kenmerke is tipies van bebop. Geswaaide ritmes.**

(b) ***TAKE 5* – Cool Jazz: Ongewone tydmaatteken (5/4). Melodie is liries, gebalanseerd en onvergeetlik. Alles tipies van cool jazz. Geswaaide ritmes. Bluestoonleer/-invloede/chromatiese note in melodie.**


(c) ***C-JAM BLUES* – Ritme is geskik vir dans – reëlmatige metrum anders as cool. Daar is 'n sterk gevoel van swing (wisselvallige agstenote). Dit is tipies van die styl.**
**Melodie word oor die algemeen verwerk in grootorkesjazz, maar in *C-Jam Blues* word die melodieë geïmproviseer deur soliste, wat nie tipies van die styl is nie.**
**Eenvoudig, melodieus, onvergeetlike melodie, gebaseer op 'n herhaalde riff.**

**Puntetoekenning:**
**1 punt vir kommentaar oor melodie.**
**1 punt vir kommentaar oor ritme – kan tydmaat wees maar nie tempo nie.**
**1 punt vir motivering.**

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 3

Verwys na die partituur hieronder en beantwoord die vrae wat volg. **[*Gopsal* – Melodie & Bas deur George Frederick Handel (1685–1759). Verwerk deur die eksaminator. Uit *Ancient & Modern: Hymns and Songs for Refreshing Worship;* Hymns Ancient and Modern Ltd, Londen 2013]**




3.1 Noem die toonsoort en besyfer die akkoorde gemerk A, B en C.

**A: B-mol majeur: Va**
**B: B-mol majeur: $V^7$d/$V^{4/2}$**
**C: B-mol majeur: Ib/$I^6$**
**Geen punt vir toonsoort nie MAAR –½ indien toonsoort nie minstens een keer genoem word nie.**

3.2 Verduidelik die aanwesigheid van die E-herstel in maat 7.

**Die E-herstel is die leinoot van F majeur, wat die dominanttoonsoort is. Die stuk moduleer na F majeur. Indien verkeerde toonsoort genoem is = 0.**

3.3 Identifiseer die toonsoort en benoem die kadens gemerk X.

**C mineur: Onvolmaak / G mineur: Plagaal / C mineur: Volmaak**

3.4 Identifiseer die akkoordvreemde note gemerk (i) en (ii).

(i) **(Onbeklemtoonde) deurgangsnoot/deurgangsnoot**
(ii) **Antisipasie**

IEB Copyright © 2019 

## VRAAG 4

Verwys na **UITTREKSELS A**, **B** en **C**. **UITTREKSELS A, B en C [Mozart Simfonie No. 40 in G mineur: eerste tema in uiteensetting, oorgang en ontwikkeling. Internationale Stiftung Mozarteum, Online Publications 2006: IMSLP00072 Besoek 20 Februarie 2017]**

4.1 Kies die korrekte antwoord uit die lys hieronder om die seksie van die werk waaruit elke uittreksel geneem is, aan te dui. Gee 'n rede vir jou keuse.

- Begin van die uiteensetting
- Ontwikkelingseksie
- Oorgangspassasie

| UITTREKSEL | ANTWOORD | REDE |
|---|---|---|
| A | **Ontwikkelingseksie** | • **in f# mineur, wat een van die toonsoorte is waarna dit in die ontwikkelingseksie moduleer**<br>• **in 'n toonsoort anders as die tonika**<br>• **moduleer na veraf, vreemde, nieverwante, ongewone, onverwagse toonsoorte** |
| B | **Begin van die uiteensetting** | • **in die tonikatoonsoort** |
| C | **Oorgangspassasie** | • **in die oorgangspassasie is die sekwens van die 1ste frase 'n toon hoër, terwyl dit in die 1ste tema 'n toon laer is**<br>• **moduleer na B-mol majeur (relatiewe majeur)** |

**Ander geldige redes sal aanvaar word.**

Verwys na die uittreksel hieronder. **[Mozart Simfonie No. 40 in G mineur: bladsy 68 en 69 Internationale Stiftung Mozarteum, Online Publications 2006: IMSLP00072 Besoek 20 Februarie 2017]**

4.2 Identifiseer TWEE komposisietegnieke (buiten herhaling en sekwens) wat in hierdie uittreksel aanwesig is wat die hoofmotief van die werk ontwikkel. Noem die maatnommer(s) en instrument(e).




4.2.1 Maatnommers: **$72^3$–$73^4$ OF $74^3$–$75^4$ OF $73^3$–$74^3$ OF $75^3$–$76^3$**
Instrument(e): **1ste viole OF altviole OF basse**
Komposisietegniek: **Ritmiese vergroting**

4.2.2 Maatnommers: **$72^4$–$74^3$ OF $74^3$–$75^3$ OF $74^3$–$75^3$ OF $72^3$–$74^3$ OF $74^3$–$76^3$**
Instrument(e): **Tussen die hobo's en fagotte OF tussen die 1ste viole en altviole/basse**
Komposisietegniek: **Nabootsing**

4.3 Lewer kommentaar oor hoe die klassieke styl duidelik is in die manier waarop Mozart die volgende musiekelemente in die eerste beweging van Simfonie No. 40 in G mineur gebruik. Sê vir elke element hoe Mozart dit gebruik **EN** hoe sy gebruik tipies is van die klassieke styl of nie.


(a) Tekstuur
(b) Instrumente
(c) Melodie
(d) Tonaliteit/toonsoortstruktuur

**Die memorandum hieronder is gestip vir maklike verwysing. Die kandidate moet in paragraafvorm antwoord.**

- **Tekstuur**
  - **Hoofsaaklik homofonies = 'n enkele melodielyn met akkoord-begeleiding.**
  - **Tipiese klassieke eienskap aangesien die styl wegbeweeg het van die swierige, polifoniese teksture van die baroktydperk.**
  - **Homofonies en polifonies.**
- **Instrumente:**
  - **Orkes – kern van snaarinstrumente met gepaarde blaasinstrumente en twee horings.**
  - **Dialoog tussen die snaarinstrumente en blaasinstrumente kom op 'n paar plekke in die beweging voor.**
  - **Horings word gebruik om die tekstuur in te vul en het selde 'n melodierol.**
  - **Kontrabasse en tjello's is op een balk geskryf – hulle het nie onafhanklike melodielyne nie. Die groter onafhanklikheid van baslyne het eers na die klassieke tydperk ontwikkel.**
  - **Klarinet is atipies – het eers later in die Klassieke periode by die orkes aangesluit.**
- **Melodie:**
  - **Klassieke melodieë is tipies motiwies.**
  - **Op die Mannheim-sug gebaseer**
  - **Gebruik sekwense**
  - **Die eerste tema is 'n uitstekende voorbeeld van die ontwikkeling van 'n motief in 'n langer melodie.**
  - **Die melodie van die tweede tema verskaf 'n kontras vir die eerste tema in die stemming, toonsoort en ritmiese struktuur daarvan.**
  - **Nou omvang, trapsgewys, onvergeetlik, melodieus.**
- **Tonaliteit:**
  - **Die uiteensetting volg die verwagte toonsoortstruktuur vir klassieke sonatevorm, d.w.s. mineurtonika vir eerste tema tot relatiewe majeur vir tweede tema. Indien die tonika majeur was, sou die tweede tema in die dominanttoonsoort gewees het.**
  - **Die toonsoorte van die ontwikkelingseksie is nie tipies van 'n klassieke sonate nie, aangesien Mozart moduleer na verlangs verwante toonsoorte, bv. F# mineur, in plaas van nou verwante toonsoorte soos wat 'n mens sou verwag.**
  - **Mineurtoonsoorte is atipies van Klassieke simfonieë.**

**Ander geldige antwoorde sal krediet ontvang.**

4.4 Die volgende frase is uit maat 148–153 van die tjellogedeelte van die eerste beweging van Simfonie No. 40. Herskryf frase A in die diskantsleutel en frase B in die bassleutel. Sluit die toonsoortteken in.



**FRASE A**



**FRASE B**



**SIEN SÓ NA: 1 punt per frase vanweë die herhaling van die motief × 2. ½ × 2 vir die toonsoorttekens.**

**Totaal: 50 punte**

IEB Copyright © 2019